


# WOORD VAN De Wet

Hoof Uitvoerende Direkteur/ Chief Executive Director

Lente is 'n seisoen van HERLEWING.
Dit is ook 'n seisoen van GENESING en GENADE.
Lente het stil-stil gekom, met bloeisels wat soos beloftes oopgaan en sonlig wat ons harte aanraak.

In Hosea 6:3 staan daar: "Sy koms is seker soos die môreskemer en Hy sal na ons toe kom soos reën, soos die lente-reën wat die aarde natmaak."

Lente is vir my Jesus se fluistering van HOOP. Dit is die seisoen waar die aarde weer asemhaal, waar droë takke begin bot en waar Jesus ons herinner: Hy is steeds besig, in ons lewens en in elke hart wat moeg is van die winter. Lente bring nie net nuwe blomme en blare nie, maar nuwe beloftes. Engo staan in hierdie seisoen as 'n instrument in Sy hande om mense te help glo, groei en leef.

In die gejaag van die lewe herinner hierdie seisoen ons daaraan dat groei dikwels begin in stilte. Soos die bome hul blare ontvou, word ons ook genooi om weer HOOP te ontvou, vir ons families, kollegas, ons gemeenskappe èn ons eie siele. Lente is nie net 'n mooi tyd in die natuur nie, maar vir ons 'n tyd van genesing, van weer begin, van geloof dat môre anders kan lyk. Soos die son die aarde warm maak, so wil ENGO ook mense se harte warm maak.

Ons werk is soos die lente-reën: sag, maar kragtig. Elke projek, fondsinsameling, besoek, konsultasie of gebed, is 'n saad van liefde wat geplant word in die lewens van dié wat worstel met die lewe se uitdagings.

Mag hierdie lente ons inspireer om weer te droom, te plant en te deel. Kom ons wees soos die SON: warm, aanhoudend, en vol lig. Kom ons wees soos die REËN: sag, voedend en vol genade.

ENGO leef hierdie lente-roeping uit in ons werk met gesinne, kinders, bejaardes, gestremdes en siekes, ons bring lig waar daar duisternis is. Ons is soos tuinwerkers in Jesus se Koninkryk - ons plant LIEFDE en HOOP en snoei die seer sodat NUWE LEWE kan groei.

Mag ons in hierdie seisoen ook toelaat dat Jesus in ons werk, mag ons harte oopgaan soos lenteblomme, ontvanklik vir Sy lig, Sy leiding en Sy liefde. Mag ons deel wees van die nuwe dinge wat net Hy vir ons kan doen.

Ek sluit af met Prediker 3:1-8: "Vir alles is daar 'n bepaalde tyd, 'n tyd vir elke saak onder die hemel: 'n tyd om gebore te word en 'n tyd om te sterf, 'n tyd om te plant en 'n tyd om uit te trek, 'n tyd om te huil en 'n tyd om te lag, 'n tyd om te treur en 'n tyd om te dans..."



OMGIEDAG 2025

# KLEUR JOU DROME SAAM MET Omgie

Oktober kry weer kleur vanjaar – en dit kom direk van ENGO se geliefde gelukbringer, Omgie, wat skole en gemeenskappe regoor die Vrystaat uitnooi om deel te neem aan Omgiedag 2025.

Ons is opgewonde om hierdie maand met Omgie te gesels. As ENGO se geliefde gelukbringer en ambassadeur by skole, verpersoonlik Omgie die gees van deernis. Dié jaar vier ons die vyfde jaar van Omgie-maand. Omdat ons aanpasbaar wil wees by die gemeenskap se behoeftes, veral met skoolkalenders wat stampvol is, kan enige dag in Oktober gekies word om Omgiedag te vier. Ons amptelike Omgie-dag bly egter 31 Oktober 2025.

## WAT IS OMGIEDAG?

Omgiedag is nie net 'n gewone sivviedag nie, dis 'n kleurvolle viering van omgee, kreatiwiteit, hoop en saamwees. Op hierdie spesiale dag word deelnemers aangemoedig om hul kleurvolste klere aan te trek en 'n klein skenking te maak – R10 vir kinders en R20 vir volwassenes. In ruil ontvang elkeen 'n vrolike Omgie-plakker wat trots wys: Ek gee om. Dis 'n eenvoudige gebaar wat groot verskil maak.

## SKOLE, HIERDIE IS VIR JULLE!

ENGO nooi alle skole uit om deel te wees van Omgiedag 2025 met 'n reeks opwindende en opvoedkundige aktiwiteite. Skole het toegang tot gratis Omgie-video's met temas soos omgee, emosies, kinderregte en die jaar se inspirasievolle tema: Kleur jou drome.

Besoek gerus ENGO se Youtube kanaal by ENGO FREE STATE vir video's.

Daar is ook die wonderlike moontlikheid om Omgie self vir 'n skoolbesoek uit te nooi – waar hy saam met leerders dans, lag en die boodskap van hoop oordra. As deel van die pret is daar ook 'n inkleurkompetisie wat kinders aanmoedig om hul unieke drome en kreatiwiteit visueel uit te druk.



## EN JULLE, BESIGHEDE?

Besighede kan ook saam met Omgie kleur bring deur as besigheid ‘n minimum donasie van R1500 te maak, of sommer net R20 per personeellid te skenk. As dank kry julle ’n Artikel 18A-sertifikaat vir julle bydrae. Alle fondse wat tydens Omgiedag ingesamel word, help ENGO om meer as 33 Kinder- en Jeugsorgsentrums, 10 Gesinsorgkantore, 20 Bejaardesorgsentrums, ’n Gestremdesorgsentrum, sowel as hospitaalsorg en aannemingsdienste in die Vrystaat te ondersteun. Jou bydrae bring hoop in iemand anders se lewe!









## DEEL JOU KLEUR EN MAAK ’N VERSKIL!

Ons nooi almal uit om op Omgiedag foto’s van hul kleurvolle uitrustings op Facebook te deel en ENGO Vrystaat te tag. Laat ons saam wys: kleur, vreugde en hoop is aansteeklik!

Plakkers is beskikbaar by al ENGO se sentrums. Vir navrae as jou skool of besigheid wil deelneem, stuur ’n e-pos na info@engo.co.za of skakel 060 548 5543. Jy kan ook Marinique du Plessis direk kontak by 073 566 0078.

Kom droom saam met Omgie, kleur jou wêreld en maak ’n verskil — want in Omgie se wêreld is elke kind ’n kleurvolle meesterstuk-in-wording.



# SHAIDON'S JOURNEY

## A STORY OF STRENGTH, HOPE AND PURPOSE

After losing both his parents at the age of three, Shaidon was placed—along with his siblings—at Ringerstraat Youth Care Centre in Heilbron. It was here that a strong foundation was laid during his early years.

In 2019, Shaidon was transferred to Charlotte Theron Child and Youth Care Centre in Bethlehem to be reunited with his older brother. He embraced the change and quickly adjusted, winning the hearts of staff and peers with his positive attitude and kind nature.

Despite the challenges of growing up in alternative care, Shaidon never lost hope. With the support of those around him, he faced each obstacle with courage and determination. His passion for hockey earned him a place on Voortrekker High School's first team and, later, the captaincy in his matric year. He also played for the Northern Free State team—experiences that developed his leadership skills and his ability to uplift others.

When asked how he stays so positive, he answers simply: "I've accepted the centre as my home. I choose to see the opportunities, not the losses. And I know God has walked this journey with me."

Shaidon plans to study education and dreams of becoming a teacher. With his resilience, warmth, and sense of purpose, we have no doubt that he will touch many lives ahead—just as he has touched ours. It has been an honour for Charlotte Theron Centre to walk this path with him.



We are proud of the young man he has become—and excited to see where his journey leads next.

# GHOLFDAE VOL GENADE

## ENGO BOU BANDE EN DEEL HOOP

Die afgelope maand het ENGO die voorreg gehad om by drie wonderlike gholfdae in Bloemfontein betrokke te wees – aangebied deur IOPSA, Bloemskou en NG Gemeente Pellissier.



Met elke dag op die baan het nie net gholfballe gevlieg nie, maar ook nuwe verhoudings geblom. Ons is opreg dankbaar vir die gratis stalletjie-spasie wat aan ENGO gebied is om die Projek van Hoop te bemark – ’n geleentheid om hoop en bewustheid met die gemeenskap te deel.



Dankie aan elke speler, ondersteuner en organiseerder wat hierdie dae só besonders gemaak het en ENGO ondersteun het. Dit was ’n suksesvolle kombinasie van sport en omgee, en ons sien uit na toekomstige samewerking!

# ENGO LAAT HOOP SKITTER

## BY FREE STATE UNCOVERED

Op Saterdag, 20 September 2025, het ENGO by Free State Uncovered by die Oorlogsmuseum/Vrouemonument in Bloemfontein ‘n heerlike dag beleef.



Die ENGO-stalletjie het mooi uitgestaan met die Projek van Hoop kar en ons kon met trots ons gunstelling promosie items aanbied, van ons eie ENGO koffie en pragtige koffiebekers tot 2026 dagboeke, oulike Omgie poppies, Omgie kouse en Projek van Hoop kaartjies. Y Coffee was ook daar om almal te bederf met ons eie ENGO koffie.



As jy die spesiale dag gemis het, moenie bekommer nie, jy kan steeds jou 2026 dagboek aanlyn bestel by www.engo.co.za!

# LENTE GENADEFEES

## BRING KLANK VAN HOOP

Riaan Naudé, bekende sanger van Bloemfontein, het vir 'n tweede jaar die Lente Genadefees georganiseer — vanjaar saam met agt plaaslike kunstenaars. Die konsert, ten bate van Ons Kinder- en Jeugsorgsentrum en CHOC in Bloemfontein, het op 12 September 2025 in die Geloofsentrum plaasgevind.

Met meer as 590 kaartjies verkoop, was dit 'n aand van musiek, lig en hoop. Kunstenaars soos Jannie Moolman, Ilse Fourie, Du Preez & Jana Stoltz, Levert Solomons, Ella Kotze en die Unimus orker onder leiding van Anton Esterhuyse het hul talente saamgevoeg om die lente se belofte van nuwe begin en omgee te vier.

Dankie aan elke kunstenaar en ondersteuner wat ons kinders se wêreld kleurryker gemaak het!







# BEWEEG MET WAARDIGHEID

## ARJO-OPLEIDING BEMAGTIG ENGO SE VERSORGINGSPAN

Op Donderdag, 4 September 2025, het ENGO-personeel in Bloemfontein 'n kragtige Arjo-opleidingsessie bygewoon oor mobiliteit en onafhanklikheid in versorging.

Deur praktiese demonstrasies en insiggewende tegnieke is die personeel bemagtig om inwoners met meer veiligheid, waardigheid en selfvertroue by te staan.

Dankie aan Arjo vir julle toewyding en die hulpmiddels wat ons bemagtig om 'n verskil te maak.



# HERITAGE AND HEALING

## HOPE BEYOND SUBSTANCE ABUSE

On 23 September 2025, ENGO Family Care Bloemfontein hosted a powerful Substance Abuse & Heritage Day Awareness Programme at Joe Slovo and Turflaagte, reaching 61 community members – including 55 women and 6 men.

The aim? To educate and empower foster parents and caregivers about the dangers of drug and substance abuse, and to encourage healthy ways of coping with stress — like taking intentional "parent time-out" moments before reaching breaking point.







The programme was led by dedicated Social Auxiliary Workers, Magdeline Molehe and Maria Radebe, and was supported by key stakeholders including:

- SAPS Kopanong & Mangaung Police Stations
- Department of Social Development (represented by Mrs. Mohau Lebakeng)
- Reverends Phokontsi and Speelman from the Ethiopian Church

The day blended awareness, empowerment, and cultural identity, reminding all present that protecting our families starts with protecting our minds, values, and choices.

# WEES 'N STEM TEEN BOELIE

## BOELIE-BEWUSMAKING BY KOOT NIEMANN PRIMÊRE SKOOL

Op 27 Augustus 2025 het ENGO-maatskaplike werker Mabel Ramalefane en haar hulpwerker Mpho Mokabeng 'n boelie-bewusmakingsprojek by Koot Niemann Primêre Skool in Bloemfontein aangebied.



Die sessie het kinders bewus gemaak van die gevare van boelie en beklemtoon hoe belangrik dit is om sulke gedrag by ouers of onderwysers aan te meld.

In totaal is 579 leerders bereik – elkeen nou bietjie meer toegerus om met empatie en moed op te tree.

# FROM CARE TO CALLING

## NTHABISENG'S JOURNEY OF HOPE

In 2010, a young child, Nthabiseng Juliet Chipfupa, found a home at ENGO's Child and Youth Care Centre in Marquard. Like many children in care, her path was not always smooth — but it was guided by love, support, and the belief that a brighter future was possible.



With each passing year, Nthabiseng grew not only in age, but in confidence, resilience, and vision. In 2021, she reached a major milestone: matriculation — a proud moment for her and everyone at ENGO.

Though the road beyond school came with its own challenges, Nthabiseng's determination never wavered. After much perseverance, she was accepted at Welkom College, where she is now pursuing her dream of becoming a teacher.

Her story is a testament to what ENGO strives for every day: offering children not only a safe place, but a future worth dreaming of. We are incredibly proud of Nthabiseng and cannot wait to see how she continues to inspire others on her journey from care to calling.

# HOOP EN HARTE

## BY BERG-EN-DAL KERMIS IN BLOEMFONTEIN

Op Vrydag, 19 September 2025, het ENGO met dankbaarheid deelgeneem aan die lewendige kermis by Berg-en-Dal NG Kerk in Bloemfontein.



Ons gewilde gelukbringer, Omgie, het groot vreugde gebring deur saam met kinders te dans, vir foto's te poseer en vriendelik met hulle te gesels. ENGO-produkte was te koop, en die gemeenskap het met entoesiasme ondersteun.

'n Hoogtepunt van die dag was die poppekasvertoning met 'n boodskap van Hoop — 'n roerende herinnering dat God altyd 'n plan het, en iets beters vir ons in gedagte hou. Die atmosfeer was ontspanne, en ons is dankbaar dat ons deel kon wees van só 'n mooi dag van omgee.

# BREINAALDE MET 'N MISSIE

## RICHMOND SE BREIKLUB OMVOU BEJAARDES & PASIËNTE MET WARMTE

ENGO Bejaarde- en Hospitaalsorg betuig hul opregte waardering teenoor die dames van die Richmond Breiklub vir hul voortgesette ondersteuning en buitengewone toewyding.




Die Breiklub se gereelde skenkings van handgebreide kombersies, bedsokkies en mussies word met groot dankbaarheid ontvang. Hierdie items bring nie slegs fisiese warmte aan ons bejaarde inwoners en hospitaalpasiënte nie, maar dra ook 'n gevoel van geborgenheid en menswaardigheid oor.

Die impak van hierdie gebare is duidelik sigbaar in die reaksies van ontvangers: glimlagte, trane van dankbaarheid en woorde van opregte waardering getuig van die verskil wat u maak.

Die projek is 'n bron van troos en vreugde, en ons is diep bewus van die tyd, moeite en liefde wat elke item neem. Baie dankie aan elke lid van die Richmond Breiklub. Mag julle diensbaarheid en omgee 'n inspirasie wees vir ander, soos wat dit vir ons is.

# OUMA SE KOMBUIS



## 'N REUK VAN HERINNERING EN HOOP

By Bult Aftree-oord in Bultfontein glo hulle dat 'n tuiste die hartklop van 'n familie is – en met Ouma se Kombuis bring hulle daardie gevoel terug, geur vir geur.



Wat drie jaar gelede as 'n droom begin het, het gegroei tot 'n geliefde gemeenskapsprojek wat nou by feeste en skoue 'n bekende naam is. Van pannekoek en cremoratert tot hulle topverkoper skaapafval, laat Ouma se Kombuis mense terugdink aan hul eie ouma se stoof. Vanjaar se Bultfontein Skou was 'n groot sukses – en die gemeenskap vra al vir nog.



Elke gereg is 'n herinnering. Elke geur 'n glimlag. En elke kuier 'n stukkie hoop. Dankie aan elkeen wat kom inloer, saam kuier, koop en ondersteun het. Hierdie is meer as 'n kombuis – dis 'n storie wat jy kan proe!

# HOOP OP WIELE

## PROJEK VAN HOOP-KAARTJIEVERKOPE SLUIT AF MET DANKBAARHEID EN OPWINDING

Die kaartjieverkope vir die gewilde Projek van Hoop-kompetisie het op 30 September 2025 amptelik tot 'n einde gekom. Die jaarlikse fondsinsamelingsprojek het weereens honderde mense oor die Vrystaat saamgesnoer rondom een doel: om hoop te bring aan kinders en gesinne in nood.

Die trekking bly elke jaar 'n groot hoogtepunt – en die opwinding bou op na Vrydag, 31 Oktober 2025, wanneer die wenner van 'n splinternuwe Renault Kwid Climber te wen, ter waarde van R222 000 bekend gemaak gaan word.




'n Groot dankie aan elke individu, organisasie en vennoot wat hierdie projek ondersteun het – of jy nou kaartjies gekoop het, gedeel of gehelp verkoop het. Sonder julle sou hierdie projek nie moontlik gewees het nie.

'n Spesiale dankie aan Renault Bloemfontein, Evolve Audit and Advisory en Novus Media wat die hoofborge van die projek was.

# JOU 2026 BEGIN HIER


## BEPLAN MET DOEL & GEE MET LIEFDE

Daar is geen beter tyd as nou om te begin dink aan daardie perfekte geskenk vir die spesiale mense in jou lewe nie.

ENGO se 2026-dagboeke en deskpads is nou beskikbaar – aanlyn of by ENGO se provinsiale kantoor in Bloemfontein: 'n Stylvolle, praktiese en betekenisvolle geskenk – perfek vir die werkplek, klaskamer of huis. Bestel vandag nog en bring orde, kleur en hoop na 2026.

Besoek www.engo.co.za of kom haal dit self by 22 Van Heerdenstraat, Wilgehof, Bloemfontein.


















# DATUMS OM TE ONTHOU

- 11 Oktober 2025 – Eikelaan Gholfdag, Bothaville
- 11 Oktober 2025 – Ons Woning Potjiekos kompetisie, Petrusburg
- 17 Oktober 2025 – Hoopstad Gholfdag
- 18 Oktober 2025 – 21 Jaar viering, Bergprag Sentrum vir Bejaardes, Bethlehem
- 31 Oktober 2025 – Projek van Hoop wenner word aangekondig
- 31 Oktober 2025 – Omgiedag
- 31 Oktober 2025 – Witteberg Kersmark, Bethlehem

*If you missed our previous newsletters, please visit www.engo.co.za/nuusbrief*
*If you have any comments, concerns or compliments please send it to info@engo.co.za*

*"The day the Lord created hope was probably the same day he created Spring." — Unknown*